HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

Nuusbrief
Newsletter

01| 2026
23|01| 2026

BELANGRIKE DATUMS

Sa. 24 Jan: o.15-krieket vs Hoërskool Strand (by Rûens Kollege)
Arende afslaan-tennistoernooi (weg)
Atletiek: Stellenberg-byeenkoms
Ma. 26 Jan: Cum Laude-aand
Gholfliga: Swellendam
Sa, 31 Jan: Interskole (tuis)
Gr 12 (2025) Distriksprysuitdeling

GELUKKIGE VERJAARSDAG

Ma. 26 Jan: Me Lorraine Flack (Snoepie)

THE PICKING UP AND DROPPING OFF OF LEARNERS (IN THE MORNING AND AFTER SCHOOL (14:15) ON THE SCHOOL PREMISES IS PROHIBITED, UNLESS IT IS RAINING.

DIE OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS SOGGENS EN MIDDAE NA SKOOL (14:15) IS VERBODE, TENSY DIT REËN.

Please adhere to this rule for your own child's safety!

PERSONEEL

Baie welkom aan me Karlie Liebenberg (Gr 8 & 9 Skeppende Kunste – gedeeltelike pos) en me Faith Bogenhagen (studentonderwyser – voldagpos) wat vanjaar by die BD-personeel aangesluit het.

Ons wens julle alles van die beste toe en sien uit na die kreatiwiteit, entoesiasme en vars perspektiewe wat julle na ons skoolgemeenskap sal bring. Welkom by die HSB-familie!

Karlie Liebenberg

Faith Bogenhagen

STYLVOLLE BD-MANSPERSONEEL

Hoërskool Bredasdorp se damespersoneel stem heelhartig saam dat die manspersoneel beslis ander skole se manne op hul baadjies kan gee met hulle nuwe stylvolle, formele baadjies.
Tydens sportgeleenthede, saalbyeenkomste en ander amptelike funksie sal hulle netjiese voorkoms definitief die koppe laat draai.

VLNR: Mnre Danlin Manuel (IGO), Thys Kriel (SW), Tiaan Diedericks (Engels), Müller Retief (skoolhoof en Wiskunde), Christopher van Niekerk (EBW en Besigheidstudies), mnr JP Terblanche (Rekeningkunde en EBW), Sebastiaan Nieuwoudt (IGO), P-E Rossouw (EBW, Besigheidstudies)

LEERDERS

GRADE 8 WELCOMING

On the 12th and 13th of January the grade 8s of 2026 attended the annual overnight camp at Heldersig Hostel. The intention of this camp is for the grade 8s to get to know the school better, get to know one another and to feel welcome at Bredasdorp High School.

Some of the activities included bee-themed arts and crafts, games, team-building, an amazing race, slip-and-slide and a hike to watch the sunrise. We hope that the grade 8s enjoyed the camp and that they feel prepared to start their special journey at BHS.

A very big thank you to the Matric Council of 2026 for their efforts and for giving the grade 8s a welcoming to remember.

MATRIEKUITSLAE VAN 2025

Bravo matrieks van 2025!
Hoërskool Bredasdorp het rede om breëbors te spog met hul 2025-matriekklas.
• 100% slaagsyfer
• 3 spog-A's: Mieke Saayman (88,33% - 7 onderskeidings), Suzanne Pretorius (84,50% - 6 onderskeidings), Milan Daniel (80,17% - 5 onderskeidings)
• 15 B-kandidate (2 kandidate het 79%)
• 60 vakonderskeidings
• 80% (77 kandidate) slaag met Baccalareus-vrystelling
• Overberg Distrik: 1ste in Wes-Kaap en 3de in Suid-Afrika
Kring 1, waarvan Hoërskool Bredasdorp deel is, is aangewys as die Beste Kring in die Overberg Distrik.

JAARTEMA
Wees / Be

GR 8-BAADJIE OORHANDIGING

107 gr 8's het vanjaar hul hoërskoolloopbaan by Hoërskool Bredasdorp afgeskop. Wat veral opgeval het van dié groep nuwelinge, was hul entoesiasme en hulpvaardigheid. Ons is dankbaar vir gr 8's wat ywerig deelgeneem het en só hulle reis as trotse BD's positief begin het. Tydens 'n spesiale saalgeleentheid is hulle BD-trots, hul skoolbaadjies, aan hulle oorhandig.
Dis deel van BD-tradisie om ook 'n skoolklok te lui tydens die seremonie as simbool van hulle eerste hoërskooljaar. In 2030 sal hulle weer 'n groter klok lui om die kringloop van 'n suksesvolle hoërskoolloopbaan gepas af te sluit. Voorts het hulle die skool vermaak met hulle eie unieke gr 8-dansie, wat hulle met oorgawe gedoen het.
Baie dankie aan die 2026-matriekraad, onder leiding van me Eloïse Nel en mnr Tiaan Diedericks, wat baie moeite met die nuwelinge gedoen het. Ook aan hul graadhoof, mnr Pierre-Etienne Rossouw en die gr 8-graadspan – mee Kyla Diedericks, Ella Smith en Carina du Toit vir hul harde werk en insette.

ATLETIEK

KLEURESPORT 2026
Die uitslae van vanjaar se Kleure-atletiek is as volg:

Beste atleet in:
Naellope: Urlinn Henecke (M.19, 100m, 10.81s)
Middel- en Langafstande: Rémy Wessels (D.17, 3 000m,13:13.96min)
Hekkies: Martiens Labuschagne (S.15, 100mH, 15.78s)
Diskusgooi: Carli Wessels (D.15, 25.70m)
Hoogspring: Bradley Zindonda (S.17, 1.70m)
Verspring: Gervinnio Stuart (S.15, 5.70m)
Spiesgooi: Mia Swart (V.19, 24.79m)

Junior Victrix Laudorum: Nika Terblanche (Dogters 14 en 15)
Junior Victor Laudorum: Gervinnio Stuart (Seuns 14 en 15)
Senior Victrix Laudorum: Anzia Coetzee (Dogters 17 en Vroue 19)
Senior Victor Laudorum: Urlinn Henecke (Seuns 17 en Mans 19)

GEESBEKER: Blouspan
ATLETIEKBEKER: Geelspan

ASA BESTE PRESTASIE

DOGTERS
o.14: Mika Stanley, 100m (725)
o.15: Carli Wessels, VS (688)
o.17: Alicia Mukaratirwa, 100m (738)
o.19: Jodi Olivier, GS (734)

SEUNS
o.14: AJ Naudé, 1 500m (570)
o.15: Gervinnio Stuart, VS (688)
o.17: Whalied Fortune, 100m (665)
o.19: Urlinn Henecke 100m (751)

Junior Victor Laudorum
Gervinnio Stuart

Junior Victrix Laudorum
Nika Terblanche

Senior Victor Laudorum
Urlinn Henecke

Senior Victrix Laudorum
Anzia Coetzee

ONDERWATERHOKKIE

BD SA-ONDERWATERHOKKIESPELER!
Ons is besonder trots op Hugo Pretorius, gr 11, wat gekies is om vir die SA o.19-Mans Onderwaterhokkiespan in Junie, in Turkye te gaan deelneem. Om deel te wees van die SA-span wat hul land in die wêreldkampioenskappe gaan verteenwoordig, is voorwaar 'n uitsonderlike prestasie. Welgedaan, Hugo! Jou harde werk is beslis beloon en jy hou die BD's se naam hoog.

KWARTAALTEMA
Wees 'n leier

Ons tweekamp atlete het op 17 Januarie aan die laaste tweekamp ligabyeenkoms van die seisoen deelgeneem.
Ons is trots op julle.

VLNR: Markus vd Walt (SO.17,6de), Dirk Uys (SO.17, 5de), Dirk Neethling (SO.19, 5de), AJ Naudé (SO.15,3de), Anzia Coetzee (DO.19, 6de), Mia Neethling (DO.17, 18de)

GHOLF

GHOLF
HSB se Gholfspan het Maandag hulle eerste ligawedstryd op Robertson gespeel. Dit was 'n suksesvolle eerste dag van die seisoen.
Die uitslag lyk as volg: (Punte in hakies)
Edmund O'Ehley (21)
Luke Giliomee (20)
Jaco van Dewenter (17)
Matthew Brooks (16)
Conrad Bothma (14)
Marius Wessels (12)
Zander Niemand (8)
Jean Oberholzer (5)
Beide A- en B-spanne het 3de in hul afdelings geëindig. Beide Boland Noord- en Suid-liga het deelgeneem.
HSB wens hierdie spelers alles van die beste toe vir die res van die seisoen.

VLNR: Mnr Sebastiaan Nieuwoudt (koördineerder), Jaco van Dewenter, Marius Wessels, Conrad Bothma, Luke Giliomee, Edmund O'Ehley, Matthew Brooks, Jean Oberholzer, Zander Niemand, mnr Marius van der Vyver (koördineerder)

FIETSRY

André Smit, gr 11, het op 18 Januarie 10de geëindig in die o.19-afdeling van die Wes-Kaap Padfiets Kampioenskappe (136 km) wat buite Durbanville plaasgevind het. Baie geluk, André!

Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication

RUITERKUNS

Ons is baie trots op Nazli Morkel, gr 9, wat opgeneem is in die Westelike Provinsie-Ruiterkunsspan wat vanaf 27-31 Januarie, in Parys (Vrystaat) aan die Nasionale Proewe gaan deelneem.

Baie geluk, Nazli. Geniet die ervaring. Die BD's wens jou sterkte toe.

2026 THEME

The school theme for 2026 is BE / WEES. This theme is then further divided into term themes. Grades 8 to 11 each get a term to interpret and act out a specific theme.

Term 1 - Wees 'n leier / Be a leader (gr. 11)
Term 2 - Be a follower / Wees 'n volgeling (gr. 10)
Term 3 - Wees beter / Be better (gr. 9)
Term 4 - Be "lekker" / Wees lekker (gr. 8)

BHS is excited about this year's theme, and we look forward to each grade's interpretation.
BHS is extremely grateful to Carmi O'Connell, who designed the images/icons that represent the Be/Wees theme. We have already had vinyl stickers placed on the walls surrounding the school hall to remind the learners and staff of this year's themes.

BD ALUMNI-BESTUUR

Antonie du Toit (082 320 8323)
Thys Meyers (082 873 7516)
Arno de Wet (084 220 0188)
Ria van Schalkwyk (084 586 7336)
Sanri van Schoor (née Bezuidenhout) (064 659 2449)
D'Niel Miskey (072 038 8827)

Oudskoliere, maak asseblief seker dat u jaargroep 'n whatsapp-groep het. Stuur asseblief die naam van die groep se "admin" (leier) na Ria van Schalkwyk.

Kontak gerus die bestuurslede indien u enige navrae of voorstelle het.

Old learners, please make sure that your year group has a whatsapp group. Please send the name of the group's "admin" (leader) to Ria van Schalkwyk.

Please feel free to contact the management members if you have any queries or suggestions.

Die onderdak sportsentrum/busstoor se eerste fase is voltooi. Die vloer is gelê en ‘n dak is opgerig. Nou volg fase 2 om die mure te bou. Ons wil dit graag teen Junie gereed hê. Ons benodig egter asseblief steeds u donasie van ‘n pallet stene daarvoor. Baie dankie aan diegene wat reeds ‘n bydrae gemaak het.

Indien u ‘n EFT-betaling maak, moet u asseblief as verwysing intik:
Pallet, Voorletter en van

BD'S RUGBY LEGACY LOCKERS

Bredasdorp High School is upgrading the 1st Team Rugby **Cloakroom**, and creating a permanent **Legacy Locker Wall** to honour BD's 1st Team rugby players.

- **15 numbered, fixed lockers** – One for each playing position
- Old Boys can purchase a personalised nameplate, permanently mounted inside the locker of the position they played

ONCE-OFF PAYMENT:
PAY ONCE. YOUR NAME STAYS IN THE LOCKER PERMANENTLY.

- **1 year played** – R300 (once-off)
- **2 years played** – R450 (once-off)
- **3 years played** – R550 (once-off)

4

Pierre-Etienne Rossouw 2007

JD Swart 2008

Albert Lambrecht 2023

Albert Lambrecht 2024

Alex Jamie Van Rensburg 2025

BD's OLD BOYS, THIS IS YOUR CALL.
Honour your position. Take your place. Leave your legacy.

CONTACT MR ROSSOUW: 072 620 8505

ONCE A BD – ALWAYS A BD.
BUILD THE LEGACY.

BD'S 2026 SUPPORTER

Jacket	R450
Hoodie	R370
Umbrella	R300
Cap	R120
Cooler	R280
Buff	R80
Visor	R80
Lanyard	R50
Key Ring	R50
Tattoo	R20
License Holder	R20

STAR SIGNS

BD'S 2026 SUPPORTER

Hoodie
R370

Jacket
R450

STAR SIGNS

BD'S 2026 SUPPORTER

Caps
R120

Visors
R80

UFLEX Caps
R160

STAR SIGNS

TERM THEME:
Be a leader